# Top aartappel- en moerkwekers inspireer

Deur Susan Marais, Plaas Media

Beide Aartappels SA se boer van die jaar én die aartappelmoerkweker van die jaar beskik oor baie kundigheid waarby die aartappelbedryf as geheel kan baat vind, volgens Willie Jacobs, uitvoerende hoof van Aartappels SA. "Ons is reeds besig om te ondersoek hoe Aartappels SA produsente kan bystaan om by hierdie twee boerderye te leer. Aartappelboere hoef werklik nie in kompetisie met mekaar te wees nie, want die mark is groot genoeg vir almal."

Die feit dat Rudi Heinlein vanjaar vir 'n tweede keer as die land se top moerkweker aangewys is, daarop dui dat hierdie boerdery kop en skouers bo die res uitstaan. "Wat hierdie prestasie selfs meer uitmuntend maak, is dat Sirkel-N-Landgoed aartappelmoere verbou in 'n omgewing wat nie geskiedkundig as aartappelmoerwêreld bekend staan nie."

Pierre Smit van HP Smit en Seuns Boerdery is as die 2024 Syngenta Nasionale Aartappelboer van die Jaar aangewys. "As ek so na die beoordelaars luister, was dit 'n kop-aan-kop stryd in hierdie kategorie," sê Jacobs en voeg by dat hy dink die Smitte se boerdery is 'n fantastiese voorbeeld vir ander produsente. "Wat veral uitstaan is hoe die boerdery tegnologie inspan om vooruit te gaan. Hierdie plaas gaan op 'n uiters professionele manier te werk."

## Sandveld-voorvatter vat raak

Goeie medeboere, 'n goeie personeelkorps, verskaffers en kliënte het almal bygedra tot die suksesverhaal van HP Smit en Seuns Boerdery van Riviera, Piketberg in die Wes-Kaap. So sê Pierre Smit, 'n vierde-generasie produsent.

Die Smitte boer al sedert 1905 op die familiegrond in die Sandveld toe Pierre se oupagrootjie die grond verkry het. Die grond is onderverdeel en sy oupa, AL Smit het 'n gedeelte daarvan gekry. Dit is hier waar Pierre se pa, ook AL Smit, in 1951 begin aartappels plant het. "Hy het geleidelik al hoe meer aartappels begin plant, ten koste van ons voorouers se veeboerdery."

In 1983 het Pierre amptelik by die boerdery aangesluit nadat hy by die Elsenburg Landboukollege afgestudeer het. Op daardie stadium het hulle sowat 15 ha aartappels per jaar geplant. Teen 1998 het die aanplantings uitgebrei tot waar hulle 120 ha per jaar plant. "In 2009 het ons 'n plaas met 'n koeler seeklimaat gehuur vir someraanplantings."

Só het die boerdery uitgebrei en vandag boer die Smitte in die Sandveld op verskeie persele tussen Dwarskersbos, Elandsbaai en Piketberg. Aartappels maak 97% van die boerdery uit.

In 2012 het Pierre se seuns, Louw en Johan, by die boerdery aangesluit. "Ons boer steeds met aartappels, want vyf geslagte Smitte het al die proses van aartappelproduksie verfyn. Die Sandveld se grond en klimaat is ideaal om dwarsdeur die jaar met aartappels te boer," sê Pierre en voeg by dat hulle deesdae daagliks oes.

## Baltimore-boer seëvier weer

Rudi Heinlein van die Sirkel-N-Landgoed naby Baltimore in Limpopo, is vir die tweede jaar aangewys as Aartappels SA se Moerkweker van die Jaar. Hy boer saam met sy vrou, Jeany, sy twee seuns, Gerhard en Nickus, sy dogter Sorentia, ses produksiebestuurders, administratiewe personeel, werkswinkelpersoneel en 'n arbeidsmag van 1 200.

In 2004 het Heinlein begin om aartappelmoere vir Wesgrow te produseer op 110 ha en vandag lewer hulle elke seisoen tussen 100 000 en 130 000 gesertifiseerde 25 kg moersakke. Heinlein sê 98% van die moersakke wat deur die Aartappelsertifiseringsdiens gesertifiseer word, word as elite-moere gesertifiseer.

Volgens Heinlein is die boerdery se grootste uitdagings klimaatsverandering, droogte en toenemende weerstandigheid onder peste en plae. Die boerdery se sukses lê egter in hul positiewe aanslag. "Passie maak 'n verskil en goeie beplanning is baie belangrik om vorentoe te beweeg." Passie beteken egter nie dat hy oorhaastige besluite neem nie. Langtermynbeplanning is noodsaaklik is om die regte besluite te neem en risiko's te bestuur.

Om die beste moontlike gehalte gesertifiseerde moere te produseer, geniet die volgende bestuursmaatreëls veral baie aandag:

- 'n Kernspan verkenners maak die lande behoorlik skoon om te sorg dat virusse en problematiese plante uit die weg geruim word.
- Die verkoeling van die aartappelmoere op die plaas word baie streng en noukeurig gemonitor.

Heinlein sê die kennis, eerlikheid en integriteit van die sertifiseringsbeamptes dra by tot konstante gehaltebeheer. "Hul insette en behulpsaamheid tydens land- en knolinspeksies is beslis 'n aanwins. Die besluit om in gehalte moere te belê, is deurslaggewend om goeie opbrengs, gehalte en weerstand teen plae en siektes te verseker."

Lees in die volgende uitgawe van *CHIPS* meer oor HP Smit en Seuns Boerdery.

Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

# CHIPS

VOL 38 NO 5 • SEPTEMBER / OCTOBER 2024



**SUCCESSFUL 2024 CONGRESS PAVES THE WAY FOR 2025**

**COMPETITION COMMISSION ON FRESH PRODUCE MARKETS**

Potato waste: Quantity, value, causes

Physiological disorders in potato tubers

Potato cultivation and climate change